S A Jagters- en Wildbewaringsvereniging

"Bewaring deur Volhoubare Benutting"

GEDRAGSKODE EN DISSIPLINêRE PROSEDURE VIR LEDE VAN S A JAGTERS

Inleiding:

Aangesien dit die doelstelling en strewe van die Vereniging is om hoë etiese jagstandaarde en morele waardes van lede van die Vereniging te verwag en te handhaaf, aanvaar die Vereniging na oorlegpleging met sy lede, hiermee hierdie Gedragskode en Dissiplinêre Prosedure waaraan al sy lede onvoorwaardelik gebonde sal wees.

1. Woordomskrywings

In hierdie kode beteken:

"handeling verrig" - ook 'n mondelinge of skriftelike verklaring maak.
"eiendom" - enige bate, hetsy roerend of onroerend van aard.
"jag" - jag soos omskryf in die wetsbepalings van krag in die onderskeie provinsies van die Republiek van Suid-Afrika wat betrekking het op die beheer en regulering van jag, fauna en flora.
"jagwapen" - enige vuurwapen, boog of ander apparaat wat vir jag-doeleindes aangewend kan word.
"lid" - ook 'n lewenslange erelid, erelid, tydelike lid, afgetrede lid, familielid en junior lid van die Vereniging.
"die Vereniging" - Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging.
"voordele" - ook enige reg om deel te neem aan 'n aktiwiteit wat deur die Vereniging of 'n tak van die Vereniging gereël is.

2. Gedragskode

Daar word verwag van elke lid van die Vereniging om die volgende gedragskode te aanvaar en te alle tye te handhaaf deur

- Die bepalings van alle nasionale en provinsiale wette en regulasies van krag in enige van die provinsies van die Republiek van Suid-Afrika wat betrekking het op die beheer en die regulering van jag, fauna en flora en vuurwapeneienaarskap na te kom.
- Die geskrewe reels van boere op plase waar gejag word n ate kom.

- Vuurwapens te alle tye so te hanteer dat ander persone kan sien dat dit veilig is sonder om daaroor navraag te doen.
- Nooit ‘n vuurwapen te rig op enige ander persoon tensy dit noodsaaklik mag wees vir beskerming van sy eie lewe nie.
- Nooit ‘n skoot af te trek sonder dat hy seker gemaak het dat dit veilig is om wel te skiet nie.
- Nooit ‘n skoot aft e trek sonder om seker te wees waarna daar geskiet word nie.
- Nooit ‘n gelaaide vuurwapen te laat sonder behoorlike toesig nie, behalwe wanneer dit toegesluit is in ‘n kluis wat voldoen aan die vereistes van die toepaslike wetgewing.
- Alle handelinge in verband met jag en skiet so te verrig dat dit ‘n positiewe beeld sal skep by enige deel van die algemene publiek of belanghebbendes in die wapen-en/of jagbedryf
- Nie strydig met enige bepaling van die Konstitusie van die Vereniging, hierdie gedragskode of reëls wat ingevolge die konstitusie van die Vereniging opgestel is, te handel nie.
- Die eiendom van die Vereniging of enige belanghebbende in die wild en jagbedryf te respekteer en dit nie op ‘n onregmatige wyse toe te eien of kwaadwillig te beskadig nie
- Homself nie skuldig te maak aan korrupsie of enige ander oneerlikheidsmisdryf vir sovêr dit die werksaamhede of belange van die Vereniging aangaan nie.
- Nie ‘n vals verklaring op skrif of andersins teenoor enige persoon te maak sovêr dit betrekking het op die werksaamhede of belange van die Vereniging nie.
- Sy jagwapen of ‘n ander wapen nie te gebruik om opsetlik ‘n lewe of eiendom onregmatig te bedreig of te beskadig nie.
- Nie onder die invloed van drank of ‘n ander middel wat ‘n narkotiese uitwerking het, te poog om aan enige jag of aan skietoefeninge of kompetisies deel te neem nie
- Hom nie onsportief, onwaardig of skadelik vir die Vereniging se beeld en/of goeie naam en prestige te gedra nie.
- Nie tydelik of permanent vir vergoeding of andersins enige wapens, embleme, klere of ander kentekens van lidmaatskap van die Vereniging aan nie-lede af te staan nie.
- Nie enige ander handeling te verrig wat nie onder enige van die voorafgaande gedragshandelings tuisgebring kan word nie en wat na die oordeel van die Uitvoerende Kommitee (UK) nadelig is of mag wees vir die Vereniging se beeld in ‘n besondere opsig of in die algemeen, of wat nadelig kan inwerk of ingewerk het op enige van die bedrywighede of aktiwiteite van die Vereniging nie.
- Nie enige vals inligting te verskaf in enige aansoek om lidmaatskap of registrasie as toegewyde jagter nie.

3. Wangedrag

‘n Lid van die Vereniging kan van wangedrag aangekla word indien so ’n lid enige van die bostaande items van die gedragskode oortree of verbreek het.

4. Die Prosedure van voorlopige ondersoek, verhoor, strafoplegging en appèl:

4.1. Voorlopige Ondersoek

‘n Lid van die Vereniging kan deur enige ander lid, amptenaar of enige persoon beskulidg word van wangedrag wanneer hy enige van die aspekte van die gedragskode oortree of verbreek het. Sodanige beskuldiging word gedoen by wyse van ‘n skriftelike klagte wat gelê word by die Uiotvoerende Komitee van die Vereniging.

Wanneer ‘n lid van die Vereniging van wangedrag beskuldig word, kan die UK, ‘n stemgeregtigde lid van die Vereniging of ‘n subkomitee bestaande uit lede van die Vereniging, hierna die **ondersoekbeampte of -komitee** genoem, aanstel om ‘n voorlopige ondersoek te doen en getuienis in te win ten einde vas te stel of daar gronde vir ‘n aanklag van wangedrag teen so ’n lid bestaan.

Na voltooiing van die voorlopige ondersoek soos hierbo voorsien, moet die ondersoek-beampte of -komitee oorweeg of daar voldoende getuienis is om ‘n aanklag van wangedrag te staaf en, indien wel, wat die inhoud van die aanklag moet wees. Meer as een aanklag kan teen so ’n lid ingebring word en meer as een lid kan gesamentlik aangekla word indien die getuienis dit regverdig en die wangedrag uit dieselfde insident spruit.

Indien die ondersoekbeampte of -komitee van oordeel is dat daar voldoende gronde vir ‘n aanklag van wangedrag teen so ’n lid is, moet daar skriftelik verslag gedoen word aan die UK ,en kan die ondersoekbeampte of -komitee so ’n lid skriftelik van wangedrag aankla indien die UK dit wenslik ag, na oorweging van die verslag.

4.2. Klagte van Wangedrag

‘n Aanklag van wangedrag moet skriftelik formuleer word deur die UK en aan die betrokke lid persoonlik of per geregistreerde pos afgelewer word en die lid moet in die aanklag aangesê word om voor ‘n bepaalde datum soos in die kennisgewing vermeld , aan die UK ‘n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag(te) af te lewer. Indien die klag ontken word, moet die lid volledige redes aanvoer waarom hy die klag ontken.

4.3 Verhoor

Indien die lid die aanklag of van die aanklagte ontken, of versuim om op die kennisgewing van die klagte te reageer binne die bepaalde tyd, stel die UK ‘n geskikte persoon, wat ‘n lid van die Vereniging is, aan om die verhoor na die beweerde wangedrag waar te neem (hierna die voorsittende beampte genoem). Die voorsittende

beampte kan ook ‘n komitee saamstel om hom by te staan. Sodanige komitee sal uit hoogstens die voorsittende beampte en twee lede bestaan en die besluitneming sal te alle tye by die voorsittende beampte berus.

Die UK kan die ondersoekbeampte of ‘n ander geskikte persoon, wat ‘n lid van die Vereniging is, aanstel om die getuienis te lei teen die lid wat so aangekla word (hierna die aanklaer genoem).

Die verhoor word op ‘n perseel soos deur die UK aangewys gehou en neem ‘n aanvang op ‘n datum en tyd wat in die aanklag vermeld moet word, met dien verstande dat die UK die plek, datum of tyd, met die instemming van al die betrokke partye, kan verander.

Die verhoor word in camera gehou.

By die verhoor na wangedrag het die aangeklaagde lid die reg om persoonlik teenwoordig te wees en/of deur ‘n regsverteenwoordiger of ander persoon van sy keuse verteenwoordig te word, met dien verstande dat die aangeklaagde lid persoonlik vir al sy kostes in verband met die bywoning, verblyf- reis -, regskostes en sodanige kostes vir sy getuies wat hy mag roep verantwoordelik sal wees. ‘n Junior lid moet sover prakties moontlik deur sy voog bygestaan word.

Die aangeklaagde lid sal geregtig wees om insae te hê in dokumentêre getuienis en skriftelike verklarings van getuies wat teen hom in die verhoor gebruik gaan word, met dien verstande dat hy op eie koste en voor die aanvang van die verhoor by die hoofkantoor van die Vereniging, teen voorafbetaling van die koste daarvan aansoek kan doen vir afskrifte van die tersaaklike dokumente, en dat die laat ontvangs of nie beskikbaarheid daarvan nie as verskoning of rede aangevoer mag word om die aanvang van die verhoor of die afhandeling van die verhoor te vertraag nie.

By die aanvang van die verhoor moet die aangeklaagde lid versoek word om self of deur middel van sy verteenwoordiger die aanklag te erken of te ontken en redes aan te voer waarom hy die aanklag ontken.

Die aangeklaagde lid kan te eniger tyd gedurende die verhoor van die bewerings of al die bewerings in ‘n aanklag erken in welke geval die erkende bewerings as bewese aanvaar sal word en verdere getuienis daaroor nie nodig sal wees nie.

Indien die aangeklaagde lid die aanklag of van die aanklagte teen hom erken het word hy geag skuldig bevind te wees aan daardie aanklagte van wangedrag wat hy erken het.

Indien die aangeklaagde lid al die aanklagte erken het, moet die voorsittende beampte met die verhoor voortgaan volgens die bepalings van hierdie prosedure

Indien die aangeklaagde lid nie opdaag by die verhoor op die bepaalde plek, datum en tyd nie en daar nie namens hom ‘n grondige rede aangevoer word waarom hy nie teenwoordig kan wees nie, moet daar met die aanbied van getuienis voortgegaan

word, met dien verstande dat die aangeklaagde lid, indien hy later tydens die verhoor teenwoordig is, insae in die gelewerde getuienis kan hê. Indien hy versuim om teenwoordig te wees tydens die verhoor, word die verhoor in sy afwesigheid afgehandel en word die bepalings van hierdie prosedure daarna gevolg.

Indien daar ‘n grondige rede bestaan waarom die aangeklaagde lid nie die verhoor kan bywoon nie en hy laat blyk het dat hy die verhoor wil bywoon, moet die verhoor na ‘n geskikte datum verdaag word vir die voortsetting daarvan in die teenwoordigheid van die aangeklaagde lid.

Indien ‘n getuie in die verhoor om ‘n grondige rede nie teenwoordig kan wees nie, moet die verhoor na ‘n geskikte datum verdaag word vir die voortsetting daarvan in die teenwoordigheid van die aangeklaagde lid, tensy die voorsittende beampte anders bepaal.

Die voorsittende beampte kan ter enige tyd, om grondige redes die verhoor na ‘n ander datum, plek en/of tyd verdaag en die verhoor op sodanige datum, plek en/of tyd begin of voortsit soos omstandighede mag vereis.

Nadat die aanklaer die klagte, of klagtes, aan die aangeklaagde lid gestel het, kan die lid die aanklag of van die aanklagte teen hom ontken en kry die aanklaer die geleentheid om getuienis aan te bied as bewys van die aanklag of aanklagte en daarna kry die aangeklaagde lid, of sy gekose verteenwoordiger namens hom, geleentheid om getuienis tot die teendeel aan te bied. Alle getuies wat mondeling getuig, kan deur die teenparty onder kruisverhoor geneem word.

Tensy as sodanig genoodsaak deur omstandighede en/of ooreengekom deur die partye, sal slegs oorspronklike of gewaarmerkte afskrifte van dokumente tydens die verhoor na beweerde wangedrag as getuienis voorgelê word.

Van elke getuie wat mondelinge getuienis aflê tydens die verhoor sal verwag word om, voordat hy getuig, plegtig te verklaar dat sy getuienis “die waarheid, die hele waarheid en slegs die waarheid” sal wees.

Nadat die getuienisaanbieding afgesluit is, kan die partye die voorsittende beampte op die meriete van die getuienis toespreek waarna die voorsittende beampte, indien hy of sy dit nodig ag, kan verdaag om die getuienis te oorweeg.

Daar moet ‘n notule (meganies of andersins) van die verhoor gehou word.

By die voorlegging, tydens die verhoor, van ‘n gewaarmerkte afskrif van ‘n klagstaat of ander amptelike dokument waarvolgens die aangeklaagde lid in ‘n geregshof skuldig bevind is aan ‘n oortreding wat op wangedrag ingevolge hierdie gedragskode neerkom, word daar aanvaar dat die aangeklaagde lid aan so ’n misdryf skuldig bevind is.

Na oorweging van die getuienis moet die voorsittende beampte sy bevinding bekend maak en die redes vir sy bevinding gee. ‘n Skuldigbevinding kan slegs uitgebring word

indien daar op ‘n oorwig van waarskynlikhede bewys is dat die aangeklaagde lid die beweerde oortredinge in die aanklag of aanklagte vervat, gepleeg het.

Indien die betrokke lid skuldig bevind word, moet die partye die geleentheid gebied word om verswarende of versagtende omstandighede voor te lê.

Die voorsittende beampte moet daarna die verswarende en versagtende omstandighede beoordeel en met inagneming van die bepalings in verband met straf een of meer van die strawwe, soos van toepassing oplê.

4.4 Straf

Een of meer van die volgende strawwe kan die oortreder ten opsigte van elke oortreding van wangedrag, waaraan so ’n persoon skuldig bevind word, ingevolge hierdie gedragskode, opgelê word; met dien verstande dat meerdere oortredinge vir doeleindes van straf saamgelees kan word.

- Die lid se lidmaatskap van die Vereniging, met verbeuring van opbetaalde lidmaatskapgelde, kan beëindig word.
- Die lid se lidmaatskap van die Vereniging met verbeuring van opbetaalde lidmaatskapgelde en/of voordele of ‘n aanspraak op voordele kan vir ‘n tydperk van hoogstens vyf jaar op gepaste voorwaardes opgeskort word.
- Die lid se uitoefening van alle of bepaalde voordele of aanspraak op sodanige voordele kan vir ‘n tydperk van hoogstens vyf jaar op gepaste voorwaardes opgeskort word.
- Die oplegging van straf kan vir ‘n tydperk van hoogstens vyf jaar op gepaste voorwaardes uitgestel word.
- Die lid kan vermaan of gewaarsku word.
- Die lid se status as Toegewyde Jagter kan herroep word, waarna die Suid Afrikaanse Polisie Diens dienooreenkomstig ingelig moet word.
- Die lid se diens aan of enige posisie op ‘n bestuursliggaam van die Vereniging kan beëindig word.
- Daar kan bepaal word dat die lid nie verskiesbaar mag wees op enige bestuursliggaam van die SAJWV vir ‘n tydperk van nie langer as vyf jaar na skuldigbevinding nie.

Enige opgeskorte straf wat ‘n lid ingevolge hierdie dissiplinêre prosedure opgelê is, kan deur die UK, wanneer die opskortingsvoorwaardes deur die lid verbreek is, na goeddunke in werking gestel word en die UK mag insgelyks, wanneer die lid die voorwaardes verbreek het wat ingevolge sy strafoplegging bepaal is, ‘n straf oplê wat die lid opgelê kon word tydens die verhoor na wangedrag.

By die oorweging van ‘n gepaste straf moet enige vorige skuldigbevinding(s) aan wangedragoortredings deur die betrokke lid en die tydperk wat sedert sy vorige skuldigbevinding(s) verstryk het, die straf wat hom in ‘n geregshof opgelê is, indien van toepassing, die uitwerking wat die beoogde straf vir die lid mag inhou, die uitwerking wat die wangedrag van die lid op die beeld van die Vereniging of die jagbedryf gehad het of

mag hê, die kumulatiewe effek van die beoogde strawwe en enige ander relevante oorweging in aanmerking geneem word.

Strawwe ingevolge hierdie dissiplinêre prosedure opgelê, tree in werking by die oplegging daarvan of, indien daarteen geappelleer is deur die lid, by die afhandeling van die appèl deur die UK.

Die UK moet binne veertien (14) dae na afhandeling van die verhoor of die appel die lid en die voorsitter van die tak waar hy ingeskakel is, skriftelik in kennis stel van die oortreding waaraan die lid skuldig bevind is en die straf wat die lid opgelê is en die UK kan na goeddunke die finale uitslag van die dissiplinêre optrede in ‘n persverklaring of andersins binne of na buite die Vereniging bekend rnaak.

4.5. Appél

Indien die aangeklaagde lid verontreg voel oor sy skuldigbevinding en/of straf, kan hy binne veertien (14) dae na strafoplegging skriftelik appelleer na die President van die Vereniging. Die skriftelike kennisgewing tot appél moet die hoofkantoor van die Vereniging nie later as 16h00 van die l4de dag na die oplegging van straf bereik nie, met dien verstande dat die President op grondige redes ‘n langer tydperk van nie meer as drie (3) dae vir die laat indien van die appèlskrif kan toelaat.

In sodanige kennisgewing tot appél moet die gronde en argumente waarop geappèlleer word, duidelik uiteengesit word. Geen mondelinge betoë sal toegelaat word by die oorweging van die appèl nie.

Die voorsittende beampte en die aanklaer kan skriftelik op die appèlgronde en argumente antwoord en moet hulle hul antwoorde binne sewe (7) dae nadat hulle die appèlskrif en argumente ontvang het aan die President verskaf.

Na oorweging van die notule van die ondersoekverrigtinge, die redes vir die bevindings en strawwe opgelê, die appèlgronde en -argumente en antwoorde voorgelê, indien enige, moet die President die skuldigbevindings en/of strawwe deur die voorsittende beampte opgelê:

a) bekragtig,
b) tersyde stel,
c) bekragtig om ander redes as die van die voorsittende beampte
d) tersyde stel en die saak na die voorsittende beampte of komitee terugverwys met die opdrag om verdere getuienis ten aansien van een of meer bepaalde aangeleenthede aan te hoor,
e) die skuldigbevinding vervang met ‘n skuldigbevinding van ‘n ander wangedragoortreding wat deur die getuienis bewys is, of
f) ‘n ander straf oplê indien die getuienis na die oordeel van die President so ’n ander straf regverdig, welke ander straf ook ‘n swaarder straf mag wees as wat die voorsittende beampte opgelê het. Indien die President van mening is dat ‘n swaarder straf opgelê behoort te word, moet die

aangeklaagde skriftelike kennis van die swaarder straf sowel as die redes daarvoor gegee word, en het die aangeklaagde die reg om binne veertien (14) kalenderdae na ontvangs van sodanige kennisgewing skriftelik redes aan te voer waarom sodanige swaarder straf nie opgelê behoort te word nie.

Wanneer die President die saak na die voorsittende beampte of komitee terug verwys het, moet al die partye dienooreenkomstig ingelig word en van die datum, tyd en plek van die aanhoor van die verlangde getuienis in kennis gestel word en moet die aanklaer die reëlings tref wat nodig mag wees om daardie getuienis aan te bied.

Na aanhoor van die verlangde getuienis, moet die partye die geleentheid gegun word om bykomende getuienis aan te bied.

Na aanhoor van die bykomende getuienis, indien enige, moet die bepalings in verband met ‘n bevinding en straf deur die voorsittende beampte gevolg word en mag die President nie weer die aangeleentheid terugverwys nie. Geen verdere appèl word toegelaat nie en die bevinding van die President sal as finaal beskou word.

Met die aanhoor van ‘n appel en die beslissings wat daarmee gepaard gaan, kan die President ‘n komitee van sy keuse byeenroep om hom te adviseer.

Ondanks enige bepaling van hierdie dissiplinêre prosedure of enige stappe daarvolgens geneem, kan die UK te eniger tyd enige skade wat die Vereniging gely het as gevolg van die onregmatige toe-eiening of beskadiging van eiendom van die Vereniging deur ‘n lid, van so ’n lid verhaal.

Die UK kan na goeddunke te eniger tyd enige inligting ten opsigte van die beweerde pleging van ‘n misdryf deur enige lid van die Vereniging aan die Suid-Afrikaanse Polisie Diens of die toepaslike natuurbewaringsowerhede oorhandig vir ondersoek en vervolging in ‘n geregshof en kan te eniger tyd ‘n ondersoek na beweerde wangedrag teen so ’n lid ingevolge hierdie gedragskode en dissiplinêre prosedure laat instel.

5. Inwerkingtreding en toepassing:

Die bepalings van hierdie Kode tree in werking na die aanvaarding daarvan deur ‘n meerderheidstem op die eersvolgende Kongres .

Enige oortreding begaan voor aanvaarding van hierdie Kode, sal mee gehandel word in terme van die geldende Kode ten tye van die oortreding.